LINDENNUUS

3 November 2017

HOËRSKOOL LINDEN VERWELKOM NUWE SKOOLHOOF

DR. JOHAN WIEHAHN

“Mense” – die spil waarom alles vir dr. Johan Wiehahn draai.

Die Hoërskool Linden se nuwe skoolhoof, dr. Johan Wiehahn, het op 1 November 2017, na meer as twee dekades by Allen Glen High School, sy pos by Hoërskool Linden ingeneem.

“Ek sien uit om deel van ‘n nuwe prikkelende dinamika te wees en ‘n bydra te lewer tot die ontwikkeling en groei van die Hoërskool Linden se gemeenskap,” sê dr. Wiehahn. “Ten eerste wil ek my tyd en aandag daaraan wy om die skool – sy mense en prosesse – beter te leer ken en te verstaan.”

“Skoolhoofde kan nie meer maar net as bestuurders funksioneer nie. Ten einde ‘n kwaliteit onderriginstelling te bedryf is dit van kernbelang om deeglike kennis te dra van die mense, prosesse en stelsels om sodoende groter samewerking te bewerkstellig en ‘n gedeelde visie te ontsluit.”

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Hoërskool Linden; H.v. 3de Laan en 6de Straat; Linden; Jhb, 2195; Tel: 011 888-1433/4; http:/www.linden.co.za/

Die onderwerp van Dr. Wiehahn se doktorale studies het gehandel oor die professionele ontwikkeling van skoolhoofde.

Breë deelname bring geleenthede en ontwikkel vaardighede.

Die Hoërskool Linden is ‘n gevestigde sekondêre onderrigomgewing met hoë standaarde en ‘n lang geskiedenis van uitnemendheid. “Ek beskou dit as ‘n besondere uitdaging om in hierdie bestaande professionele omgewing nuwe moontlikhede en groei-geleenthede te skep,” sê dr. Wiehahn.

“Behalwe vir akademiese onderrig – wat altyd eerste prioriteit geniet – sal ek graag ‘n bydra wil maak in die ontwikkeling van leierskap, die ontsluiting van addsionele vaardighede en die voorbereiding van jongmense om suksesvol hulle plek vol te staan as goeie burgers van ons samelewing.”

Dr. Wiehahn plaas ‘n hoë premie op deelname aan sport-, kuns en kultuuraktiwiteite asook die vekryging van tegnologiese vaardighededede. “Deur wye deelname en blootstelling aan ‘n verskeidenheid aktiwiteite leer kinders van spanwerk, selfbeheersing, die hantering van komplekse probleme en konflikoplossing. Kennis, vaardighede, goeie oordeel en insig berei jongmense voor op ‘n gebalanseerde volwasse lewe. Opvoeding kan nie in silo’s plaasvind nie; ‘n geïntegreerde benadering verseker sukses.”

“Stewige vennootskappe tussen onderwysers, kinders en ouers is van kernbelang. Ons leefwêreld stel hoë eise aan ouers en kinders om voorbereid, vlugvoetig en aanpasbaar in die samelewing te kan funksioneer. Die grootste belegging wat ons kan maak is in die ontwikkeling van afgeronde mense.”

Onderwys is ‘n lewensroeping.

“Niks kom by die bevrediging wat ek daaruit put om ‘n Gr.8-leerder oor ‘n tydperk van vyf jaar te sien groei in ‘n selfstandige jongmens met kritiese denke en vaardighede wat hom goed te staan sal kom op sy lewenspad nie.”

Dr. Wiehahn beskou homself as oplossinggedrewe.

“Sukses is belangrik, maar dit is wanneer dinge skeefloop, dat nuwe geleenthede dikwels na vore kom.”

Navorsing oor knelpunte in onderwys bring nuwe insigte.

“Ek spandeer ook heelwat van my vrye tyd aan navorsing rondom hedendaagse knelpunte in die onderwys en om werksessies vir onderwysers te ontwikkel en aan te bied.”

Dr. Wiehahn en sy gesin reis graag in die buiteland.

“Op hierdie reise besoek ek verkseie internasionale onderwysinstellings en doen navorsing oor nuwe denkrigtings in die onderwys. Ek het al verskeie internasionale lesings bygewoon waar ek gereeld nuwe perspektiewe kry. Een van my persoonlike hoogtepunte was ‘n kursus wat ek vroeër vanjaar by die Harvard universiteit bygewoon het. Die onderwerp, ‘Family Engagement in Education: Creating Effective Home and School Partnerships for Student Success’, het my met nuwe energie en insigte gevoed. Ek sien uit daarna om ondermeer hierdie insigte met die gemeenskap van Hoërskool Linden te deel,” sluit dr. Wiehahn af.

Dr. Wiehahn is getroud met Susan, wat in die filmindustrie werk, en hulle het twee volwasse dogters. Om ‘n verskil in mense se lewens te maak, maak sy dagtaak vir hom die moeite werd. Hy sê humor – om te lag oor die absurditeite van die lewe – help hom om sy voete stewig geplant te hou. Hy ontspan graag deur te lees, tuin te maak en houtwerk te doen.

Die Hoërskool Linden het dr. Wiehahn en sy gesin amptelik verwelkom tydens ‘n funksie wat deur sowat 200 gaste bygewoon is. “Ons sien uit na die nuwe tydvak wat nou by Hoërskool Linden aangebreek het. Aan die einde van die skool se 70-ste bestaansjaar is ons gereed om aan die volgende hoofstuk te begin skryf,” het me. Ronel de Wet, voorsitter van die beheerliggaam gesê.

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Alicia, Johan, Susan en Noesja Wiehahn

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.